**Saterdag 17 Augustus**

| **Skrifgedeelte: Esegiël 36:16-38** | **Fokusgedeelte: Esegiël 36:22** |
|---|---|

## Ter wille van God se heilige Naam

Besef ons regtig wat die heiligheid van God beteken? Hieroor praat die Ou Testament dikwels. God is die heilige God wat onheiligheid nie kan verdra nie. Hy het Hom aan sy volk verbind en daarom moes hulle ook heilig, sonder sonde en in gehoorsaamheid aan Hom lewe.

Hulle het dit egter nie gedoen nie. Israel se optrede het God se Naam oneer aangedoen en dit kon Hy nie daar laat nie. Die gevolg was dat hulle onder sy groot oordeel gekom het en in ballingskap gegaan het. In die ballingskap is God se Naam egter ook oneer aangedoen wanneer hulle gesê het dat dit tog die Here se volk is wat nou in ballingskap verkeer. God gaan hulle dus in die toekoms verlos en na hulle eie land terugbring. Sodoende sal Israel self, asook al die ander nasies, besef dat God heilig en almagtig is.

Om die eer van sy heilige Naam te herstel, het God vir Jesus Christus gestuur om versoening vir ons sondes te doen. Ons hele lewe moet daarvan getuig dat die eerste bede van die Onse Vader nie vir ons maar net mooi woorde is nie: Laat u Naam geheilig word. Ons moet ons lewe sy Naam heilig en eer gee aan Hom as die heilige God. Hierop moet ons hele lewe gerig wees, anders kan God dalk ook in ons lewens drasties optree om die eer van sy Naam te handhaaf.

*Sing: Skrifberyming 10-1:1*

*Prof. HF van Rooy (Herrie) (Emeritus)*